





VAN LINKS BO: Heidi van der Merwe en haar hond, Harley, het Afrika deurkruis, insluitend die Arusha-omgewing in Tanzanië waar sy Masai ontmoet het; Rwanda waar hulle by Château Le Marara gestop het; die ewenaar in Uganda; en Moshi digby Kilimandjaro. En Harley was oral gewild.

# Sy het besluit sy moet begin leef soos iemand wat 'n tweede kans op lewe gegun is – en toe klim Heidi van der Merwe saam met haar hond op 'n motorfiets en gaan verken Afrika

Deur **RICHARD VAN RENSBURG**

SY HET haar pasgebore eersteling nog leer ken toe sy die verpletterende nuus kry dat sy lewerkanker het.

"Die dokter het vir my gesê ek het ses maande om te leef," sê Heidi van der Merwe oor daardie dag.

Net so min soos wat Heidi toe kon dink dat sy haar seun sou sien grootword – en later ma van 'n tweeling sou word – het sy destyds gedink dat sy op 52 iets só avontuurliks sou doen om haar genesing van kanker te vier.

Maar hier is sy nou, 24 jaar ná daardie destydse diagnose, besig om Afrika plat te reis om bewustheid oor lewerkanker te skep en dít op 'n motorfiets, en saam met haar hond.

Teen dié tyd het Heidi en Harley, haar Australiese skaaphond, al meer as 12 000 km ver oor Suider- en Oos-Afrika se stofpaaie gery, van die Karoo tot in Kenia en Uganda.

Op 'n foto wat op die ewenaar geneem is, staan sy met haar arms triomfantelik omhoog langs haar motorfiets met Harley nog daarop vasgegespe in sy spesiale veiligheidsitplek.

Vir hom was dit net nóg 'n stilhouplek op die lang pad, maar vir Heidi is dit meer as net nog 'n foto van hulle bewusmakingstog oor lewerkanker deur Afrika. Dis 'n teken van hoe ver sy op haar lewensreis gevorder het, van 'n kankerpasiënt in 'n hospitaalbed tot 'n oorlewende wat nou, ná baie jare, haar tweede kans op die lewe aangryp.

Heidi was al meer as 20 jaar kankervry toe sy by 'n kankernavorser hoor hoe uniek haar verhaal werklik is.

"Toe tref dit my: Ek het oorleef, maar ek lééf nog nie."

En dit was toe dat sy besluit op 'n avontuur om haar lewe te vier.

DIE avontuurlustige ma van drie skep asem ná die eerste been van haar jaar lange reis deur Afrika op 'n gasteplaas by Robertson in die Wes-Kaap. Dis hiér waar *Huisgenoot* met haar gesels.

Haar geborgde Harley-Davidson Pan America-veldmotorfiets word in Kaapstad versien voor sy later vandeesmaand weer in die pad val, dié keer deur die Caprivi en dan langs die weskus van Afrika op, van Angola tot in Kameroen.

Al sien sy kans om selfs Afrika se rofste paaie vrou-alleen aan te durf, vertel Heidi so ewe motorfietse was "nou nie eintlik my ding nie".

Sy was al in haar 40's toe sy agt jaar gelede vir die eerste keer haar sit op 'n motorfiets gekry het. Dit was nadat haar ouers, André en Carina Joubert, op 65 besluit het om te begin motorfietsry en elkeen 'n Harley-Davidson gekoop het, kompleet met die nommerplate HER ONE – WP en HIS ONE – WP.

Toe gesondheidsprobleme later 'n einde aan haar pa se motorfietsry maak, het haar ma Heidi genooi om saam te ry. "En dis waar die ding my toe behoorlik byt."

Carina is nou 80, maar het tot verlede jaar nog gereeld soggens die pad op haar ysterperd uit Montagu, Heidi se geboortedorp, gevat.

Heidi het op Stellenbosch ekonomie en rekeningkunde studeer voor sy met 'n predikant getroud is en op Rouxville in die Vrystaat en later op Swellendam in die Wes-Kaap gaan woon het.

Ná twee miskrame het Heidi in November 2001 die lewe aan haar eersteling, Christiaan (nou 24), geskenk. Tydens die swangerskap het sy galstene ontwikkel, en drie dae ná die geboorte het die dokter besluit om haar galblaas te verwyder. "Toe sien hy my lewer is deurtrek van kankerselle."

Die prognose was donker, en sowat die helfte van haar lewer is tydens 'n operasie van nege uur verwyder.

Maar toe, oornag, is daar weer lig ➤











# EK, MY HOND EN 'N GOEIE DOEL









MISHA JORDAAN, VERSKAF

4_115575479




op die horison.

"Ek was baie gelukkig dat die kanker betyds opgespoor is. Ek het geen ander behandeling nodig gehad nie."

Mettertyd het haar lewer teruggegroei en sy kon weer swanger raak met die tweeling, Nika en Karlien (nou 19).

Haar twee jongstes was nog op laerskool toe Heidi en haar man geskei is. Sy het daarna bestuurder van 'n ouetehuis op Robertson geword en later van die ongevalle-afdeling van 'n privaat hospitaal op Hermanus.

As enkelma was dit 'n lewe van werk, kinders grootmaak en verantwoordelikhede, nie een van groot avonture nie. Tot 'n oproep drie jaar gelede haar lewe in 'n nuwe rigting gestuur het.

**'EK HET GEDINK EK HET OORLEEF, MAAR EK MOET NOU BEGIN LEEF SOOS EEN WAT 'N TWEEDE KANS GEKRY HET'**

AL HET Heidi deur die jare selde aan haar ervaring met kanker teruggedink, was haar geval nie vergete in mediese kringe nie.

Destyds kon die dokters nie verklaar waarom sy ondanks die aanvanklike prognose so goed herstel en kankervry gebly het nie. Deur die jare is haar kankerselle bewaar en dr. Sanju Sobnach, 'n Suid-Afrikaanse lewer-pankreas-en-galblaasspesialis, wou daarop navorsing doen.

Toe bel hy Heidi uit die bloute om haar toestemming daarvoor te vra. Haar geval is uniek, want sy het lewerkanker tydens 'n swangerskap oorleef, het hy gesê.

Ses maande later het sy nog 'n oproep van die navorser ontvang.

"Dokter Sobnach het gesê hulle gaan verdere navorsing met my selle doen, want hulle werk in die rigting van 'n geteikende inenting vir lewerkanker," sê Heidi. Dit behels 'n soort immunoterapie waar witbloedselle leer om spesifieke kankerselle te herken en te vernietig.

Die moontlikheid dat kankerselle uit haar liggaam dalk die weg kan help baan om ander lewens te red, het vir Heidi nuwe betekenis aan haar eie oorlewing gegee. "Ek het gedink ek het oorleef, maar ek moet nou begin leef soos een wat 'n tweede kans gekry het.

"Ek het vir myself gesê as my kinders klaar is met matriek, wil ek reis en met 'n motorfiets gaan toer."

Uit haar gesprekke met Sanju en ander navorsers het Heidi ontdek watter ernstige probleem lewerkanker in Afrika is.

"Waar dit elders gewoonlik by mense in hulle 40's en later ontwikkel, kan dit hier al omtrent 20 jaar vroeër voorkom," sê sy.

Die navorsers vermoed Heidi is moontlik een van 'n klein groepie mense wie se lewerkanker 'n genetiese oorsprong het, terwyl lewersirrose, alkoholmisbruik en hepatitis meestal die vernaamste oorsake is. In Afrika, waar dit een van dodelikste kankers onder mans is, is die hepatitis B- en C-virus verreweg die grootste oorsaak daarvan.

Heidi het toe die organisasie One Live, One Liver help skep om bewustheid oor lewerkanker te skep en besluit om Afrika met 'n motorfiets aan te durf en oral inligting oor lewerkanker en oor inenting teen die hepatitisvirus te versprei.

"My oudste en die tweeling is almal uit







LINKS: Heidi en haar ma, Carina Joubert, tot betreklik onlangs nog ook 'n geesdriftige motorfietsryer. Carina en haar man, André, het soortgelyke Harley-Davidsons met persoonlike nommerplate gehad. BO: By haar kinders, Christiaan, en die tweeling, Karlien en Nika. REGS: Heidi sê Harley is in sy element agterop haar motorfiets.

die huis," sê sy oor Christiaan, 'n argitektuurstudent, Nika, wat skoonheidskunde studeer, en Karlien, 'n student in ondernemingsbestuur.

Maar sy kon dit nie oor haar hart kry om Harley agter te laat nie, toe vat sy hom sommer saam.

VOOR hulle vertrek verlede September het sy vir hom 'n spesiale mandjie laat maak en vir hom 'n bril en oorbeskermers aanlyn gekoop. "Ek gespe hom in 'n harnas vas. Hy's 100 persent veilig; hy sal nie eens met die grond in aanraking kom as die fiets val nie."

Dit het soms gebeur dat die motorfiets omkantel op hulle lang tog wat hulle al geneem het deur Namibië, Botswana, Zimbabwe, Zambië en Malawi tot in Tanzanië, Zanzibar, Burundi, Rwanda, Uganda en Kenia.

"Hy's 'n pro, al van die begin af," sê Heidi oor haar reisgenoot.

"Hy kyk lekker rond terwyl die wêreld verbygaan, maar partykeer lê hy ook net en slaap. As hy dink ons ry te vinnig, sal hy my hier van agter trap-trap."

Sy moes vooraf 'n hele spulletjie papierwerk in plek kry sodat sy toestemming kon kry om Harley oor landsgrense te neem, onder meer inenting- en gesondheidsertifikate. Eenmaal moes sy omdraai en 400 km terugry omdat "'n veearts nie Harley se een dokument gestempel het nie".

Mense keer haar gereeld voor om haar oor haar hond uit te vra. "Hy trek die skares en dan kan ek met die mense oor lewerkanker praat en pamflette en plakkers uitdeel. Hy is beslis een van die mees gefotografeerde honde in Afrika," spog Heidi.

Op hulle reispad het dit al gebeur dat sy vir tot drie dae sonder kos moes bly, maar nie Harley nie.

Sy het haar misreken toe sy vooraf gedink het sy sou "sommer vir my 'n *pie* of 'n ding kry waar ek stop om petrol in te gooi".

Vir Harley kon sy darem vooruit in die groot stede genoeg droë hondekos koop. "Maar iewers het ek Nairobi misgery en toe het Harley nie kos oor die feestyd nie."

Gelukkig was hulle toe naby restaurante. "En so eet hy toe ewe lekker hoender van die spyskaart af!"

Op hulle roete was gastehuise of ander verblyf dikwels yl gesaai. Dan het Heidi vir hulle tent opgeslaan, soms op skilderagtige plekke soos in Tanzanië met 'n asemrowende uitsig op die sneeubedekte Kilimandjaro.

Ander kere het hulle dit minder gelukkig getref met verblyf sonder ligte of lopende water of 'n kamer met 'n matras sonder beddegoed.

Op die reispad het mense se gasvryheid haar dikwels ontroer. "Jy kom op 'n dorp aan, jy's moeg, jy is verlore. Dan sal hulle net vir jou hulle deure oopgooi en sê: 'Kom bly by ons!' "Dan besef jy hoe min hulle het, hoe bevoorreg jy is. Maar hulle gee en lag heeltyd."

Sy was tot dusver nog nooit regtig bang nie, behalwe vir sanderige paaie. "Veral diep sand gooi jou maar 'n bietjie op jou motorfiets; jy verloor dan maklik beheer," sê sy.

En as 'n motorfiets van 350 kg eers omgeval het, is dit 'n gesukkel om hom weer terug op sy wiele te kry. Soos die keer naby Arusha, Tanzanië, toe Heidi ná 'n lang rit op 'n grondpad onder 'n boom stilgehou het. Sy het afgeklim en die fiets het omgekantel.

"Ek het 'n jack waarmee ek hom kan oplig," sê sy, "maar die fiets lê toe bo-op die jack. Toe sien ek van doer ver kom twee Masai aangestap.

"Toe hulle naby kom, sien ek hulle is albei omtrent al 100 jaar oud. Hulle gaan nie hierdie motorfiets kan help optel nie."

Hulle verstaan ook nie Engels nie, maar hulle bly by haar staan tot 'n jong man op 'n motorfiets eindelik opdaag en kom help. Dit word toe 'n wedervaring wat haar bybly, nie oor die ongerief nie, maar oor die medemenslikheid van die samaritane op haar pad.

'n Foto van daardie ervaring is een van haar kosbaarste besittings. Want wat meer het sy nodig as haar hond, die lewe en die kans om iets vir mekaar te beteken. ❑